

Maandag 8 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 57

Fokusgedeelte: Psalm 57:2

Veilig onder God se vlerk

Hoewel die opskrif bo Psalm 57 na Dawid se vlug vir Saul verwys, is daar in die psalm self geen verwysing na sy vlug nie. Die toonaard van die psalm is ook nie in die mineur nie, maar in die majeur. In die ander psalms hoor jy die ondertone van onsekerheid, bangheid, selfs desperaatheid. Psalm 57 se oorwegende toonaard is dié van lof.

Waarom die groot verskil? In die vorige psalms het Dawid vir sy vyande weggekruip, of dit nou in Gat was of in die woestyn of vir die Siffiete. Hier skuil hy in God wat deur die grot gesimboliseer word. Wat belangrik is, is dat Dawid nie die grot sy skuilplek noem nie, alhoewel dit vir hom 'n fisiese skuilplek is, maar dat dit God self is wat sy skuilplek is. Alhoewel Dawid in die skaduwees van die grot van Adullam wegkruip, weet hy dat hy eintlik onder God se vlerk skuil (vgl. Eks. 19:4).

Ons was al almal daar – miskien nie in 'n grot nie, maar gejaag deur iets wat vrees by ons inboesem. Miskien was dit toe 'n geliefde oorlede is. Miskien is dit die onsekerheid oor die toekoms. Of dalk is dit 'n neerdrukkende siekte wat net nie wil weggaan nie. In sulke tye verander God nie noodwendig ons omstandighede nie, maar Hy beloof dat Hy ongeag ons omstandighede by ons is. Dikwels wens ons dat God as't ware sal neerswiep en eensklaps ons omstandighede verander, dat Hy sal kom en Saul se agtervolging onmiddellik sal laat ophou. Ons pleit by God dat Hy die pyn sal wegneem en dat môre die spreekwoordelike teerpad vir ons sal wees: Here, sal U tog nie ons stryd laat ophou nie! Maar die probleme bly. Dit is dan wat ons soos Dawid by God self skuiling moet gaan soek, onder sy vlerk inkruip. Dan kan ons rustig sê (Ps. 57:2): “Onder u vleuels sal ek skuil tot die bedreiging verby is.”

Waarlik, diegene wat afvlerk êrens onder die bosse skarrel, hoef dit nie met 'n doodsglim in die oog te doen nie. Wie weet, dié dag waarvan ons gereken het dat dit ons laaste dag is, is dalk die dag waarop God ons optel. Dalk is die huidige oomblik so 'n optelgeleentheid in jou lewe. Die Here genees immers die gebroekenes van hart en verbind hulle wonde (vgl. Ps. 147:3). Hy omskep verwondes in versorgdes, in verbondenenes – aan Hom. Hy neem ons onder sy vlerk. Blaai maar deur die Bybel en jy vind dieselfde boodskap oor en oor: die Here is by sy kinders. Die Here was nie net by sy kinders toe hulle swaar gekry en gely het nie. Hy was altyd daar. Die Here is naby. God is hier by ons.

Jesus het op konkrete wyse getoon wat dit beteken dat God by ons is. Hy het op die stofpaaie van Palestina geloop. Hy het soos ons geëet en gedrink. Hy het honger en moeg geword. Hy het gelag en gehuil. Hy het gepraat en opgetree. God was in Jesus konkreet sigbaar. Jesus was in die besonder by mense in nood. Hy was by die siekes en verlamdes, by die dowes en blindes. Hy was by dié wat getreur het. Hy was nie net by mense in fisiese nood nie, maar ook in die besonder by mense in hulle emosionele en geestelike nood. Hy het juis gekom om ons te verlos uit die mag van die Bose en alle sondebande. Jesus was by die skare wat na Hom geluister het. Hy het met woord en daad getoon dat Hy Immanuel is: God by ons.

Sing: Psalm 31-1:3

Ds. HJJ Krüger (Hentie) (emeritus)